# CRF LEDENUUSBRIEF
## 2DE UITGAWE SEPTEMBER 2021



**CRF LEDENUUSBRIEF – 2DE UITGAWE SEPTEMBER 2021**

**BESTE LID**

Ons beweeg stadig maar seker uit die winter en kies koers na die warmer dae van die lente – hopelik met beter tye wat voorlê om ons sommer weer opnuut ’n lus vir die lewe te gee. Dit sal goed wees as ons die nadraai van die derde golf van COVID-19, wat ons in Julie hard getref het en weer in vlak 4 van die inperking ingedwing het, kan agterlaat. Dit sal ook goed wees om die ekonomiese ontwrigting waarin ons land gedompel is as gevolg van die onrus en plundery in KwaZulu-Natal en Gauteng asook die taxigeweld wat ook landswyd in daardie tydperk plaasgevind het, te oorkom. Ons sien waarskynlik almal uit na die vryheid wat ons kan ervaar as ons kan begin uitwerk wat die nuwe normaal sal behels wanneer die meeste van ons ingeënt is. Verbeel jou jy kan vooruit beplan vir ’n somervakansie of jou kinders sonder ontwrigting na hulle onderwysinstellings toe stuur. Verbeel jou jy kan vooruit beplan – punt.

**Ons doelwit is om na jou om te sien – nou en wanneer jy aftree …**

Die CRF-span sien daarna uit om weer op reis te gaan en julle te ontmoet, waar ons kan, om julle op hoogte te hou van Fondsvoordele en bedryfsveranderinge. Een aspek van jou lewe wat in hierdie onseker tye selfs belangriker is, is om seker te maak dat jy vir jou aftrede voorsiening gemaak het en voldoende dekking vir jou geliefdes het.

Die CRF het nie sy siening hieroor verander nie en die missie van die Trustees is om te verseker dat daar na jou omgesien word – vanaf die dag waarop jy by die CRF aansluit tot nog nadat jy afgetree het. In hierdie nuusbrief vra ons dat jy ’n paar vrae oorweeg ten opsigte van waarna jy uitsien wanneer jy aftree. Dit is so ’n belangrike reis, ongeag jou ouderdom, moet jy onthou dat die doel van lidmaatskap van die CRF is dat jy finansieel onafhanklik en met gemak kan aftree. Genoeg geld wanneer jy aftree, verskaf nie net sekuriteit nie, maar raak ontslae van daardie VREES van wat as …? Robert Kiyosaki, skrywer van Rich Dad Poor Dad – die nommer een boek oor persoonlike finansies van alle tye – sê met reg dat: “Finansiële vryheid is vryheid van vrees.”

**Die CRF sien om na sy pensioenarisse,** en om hierdie stelling te bevestig, deel ons graag die opwindende nuus dat ’n spesiale bonus in Augustus 2021 aan pensioenarisse uitbetaal is. Ons hoop dat hierdie bonus van twaalf keer maandelikse pensioen verligting sal bring tydens en ná die moeilike tye wat ons pensioenarisse as gevolg van die covidpandemie ervaar het. Die bonus is deur die uitstekende finansiële toestand van die Pensioenarisportefeulje moontlik gemaak. Knap gedaan aan my kollegas op die Raad van Trustees en ons beleggingsadviesspan.

**Uitstekende opbrengste orals**

Niemand sal stry dat ons baie moeilike ekonomiese tye beleef het nie. Ten spyte hiervan het die CRF se beleggingsportefeuljes steeds goed presteer en ons spog versigtig met die wonderlike opbrengste wat in die laaste finansiële jaar geëindig Junie 2021 behaal is. Ons brei in die artikel hieronder verder uit op die Fonds se prestasie.

**Vryheid van assosiasie – waarom is dit belangrik?**

Ons het vroeër hierdie jaar ’n elektroniese nuusflits uitgestuur om jou in te lig dat vryheid van assosiasie dalk weer op koers is en ons moedig nuwe werknemers wat nog by ’n fonds wil aansluit aan, om die enigste

fonds wat hulle behoort te kies, te oorweeg: die Consolidated Retirement Fund(CRF)! As een van jou kollegas een van die talle werknemers is wat ons gereeld vra of hulle na die CRF kan omskakel, onthou: vryheid van assosiasie sal daardie kans wees!

**Ons verwelkom alle raadslede landswyd. Speel 'n belangrike rol in 'n kollega se lewe en herinner pas verkose raadslede ná die verkiesing om die CRF te kontak.**

**Aftreehervorming – belangrike nuus**

In die April 2021-nuusbrief het ons die nuwe aftreewetgewing wat op 1 Maart hierdie jaar in werking getree het in groot besonderhede gedek. Hierdie wetgewing bepaal dat enige pensioengeld wat voor 1 Maart opgeloop het, by aftrede as 'n enkelbedrag geneem kan word. Lede wat ná hierdie datum aftree, kan een derde van hulle pensioen as 'n enkelbedrag neem, maar moet die oorblywende twee derdes gebruik om 'n maandelikse pensioen te koop. Hoewel dit wetgewing is, het die CRF egter 'n kennisgewing van die SAID ontvang dat die Fonds as 'n plaaslikeregeringsfonds (paragraaf (a)-pensioenfonds) van hierdie wetgewing vrygestel is.

**Sal u toegang tot u pensioengeld kan kry voordat u die Fonds verlaat?**

U sal uit nuusopskrifte in Julie onthou dat die voormalige Minister van Finansies, mnr. Mboweni, 'n verklaring uitgereik het dat lede van pensioen- en aftreefondse toegang tot hulle pensioenfondsgeld kan kry om die finansiële las te verlig wat hulle as gevolg van COVID-19 ly. In 'n onlangse mediaverklaring wat in Augustus deur die Nasionale Tesourie uitgereik is, is daar beklemtoon dat wysigings aan wetgewing en fondsreëls nodig is om aan lede vroeë toegang tot hulle pensioenfondsgeld te gee. Die huidige wet en beleid verbied enige toegang voor aftrede tot aftreespaargeld tensy 'n werknemer bedank of afgelê word. Hulle het verder gesê dat die vroegste wat enige veranderinge vir 'n nuwe onttrekkingsmeganisme (indien wetgewing verander word) van krag kan word, is in 2022.

**Belangrike inligting – lees dit om op hoogte te bly!**

As jou munisipaliteit versuim het om ledebydraes aan die Fonds oor te betaal, beteken dit jy word nie gedek vir enige risikovoordele nie, aangesien die munisipaliteit nie risikovoordeeldekking aan die Fonds oorbetaal nie. Lede van wanbetalende munisipaliteite moet weet dat die CRF met jou toestemming jou risikopremies en Fondsuitgawes van jou lidbelang kan aftrek om seker te maak dat jy gedek is indien jy sterf, ongeskik verklaar word of 'n gevreesde siekte opdoen. Alle lede wat tot munisipaliteite met agterstallige bydraes behoort, sal 'n skrywe van die CRF Administrasie-span ontvang om hulle in kennis te stel daarvan en ook te vra of lede die opsie wil uitoefen om die risikopremies van hulle lidaandeel te laat aftrek.

Hierdie opsie kan ook uitgeoefen word indien 'n lid as gevolg van 'n situasie soos onbetaalde verlof nie vergoeding van die werkgewer ontvang nie. Kontak gerus die Ledesentrum indien jy verdere inligting hieroor verlang.

Ons moedig ons lede aan om ingeënt te word om jou kans te verminder om uiters siek te word van hierdie virus. Indien covidverwante siektes/sterftes 'n negatiewe uitwerking op ons eise-ervaring het, kan dit daartoe lei dat ons in die toekoms uiters hoë koerse vir risikovoordele moet betaal. Ons besef egter wel en respekteer dat jy 'n keuse het en dat inenting nie verpligtend is nie. Onthou, bly asseblief veilig en gesond, dra jou masker en gaan voort om sosiale distansiëring te handhaaf.

**Soyisile Mokweni**
**Voorsitter**

**Fondsopbrengste – het die CRF sy deel gedoen?**

Wanneer die terme beleggings en finansiële markte gebruik word, is onsekerheid een woord wat dadelik by ’n mens opkom. Die COVID-19-pandemie het wêreldwyd markonbestendigheid en moeilike finansiële periodes veroorsaak, wat gesien kan word in die maand-tot-maand-fondsopbrengste wat ons op die Fonds se webwerf publiseer. Die markte sal skielik herstel, maar nes jy dink jy kan makliker asemhaal, gebeur iets anders wat ’n negatiewe impak op die markte het en jou laat voel jy wil van hierdie wipwaentjierit af wegkom!

As jy al ooit een ons ons werkswinkels oor finansiële welstand bygewoon het, sal jy onthou dat ons probeer om die volgende belangrike punte by ons lede tuis te bring:

- ✓ Hou altyd ’n langtermyndoelwit in gedagte
- ✓ Soek na konsekwent goeie opbrengste oor die lang termyn
- ✓ Moenie beleggingsbesluite neem as jy bang is nie

As ons oor die afgelope finansiële jaar terugkyk, kan ons met trots die goeie nuus oordra dat die CRF-portefeuljes, ten spyte van moeilike ekonomiese tye veerkragtig gebly het. Ons het dit reggekry om ons belofte aan ons lede na te kom deur oor die langtermyn konsekwent goeie opbrengste te lewer. Hier is hoe ons presteer het – die opbrengste word ná koste aangedui:

| **Beleggingsportefeulje** | **Beleggingsperiode 1 Julie 2020 – 30 Junie 2021** | **Beleggingsperiode 1 Julie 2019 – 30 Junie 2020** | **Beleggingsopbrengs sedert aanvang** |
|---|---|---|---|
| Aggressiewe Portefeulje | 19,13% | 1,81% | 12,28% aanvang November 2019 |
| Groei Portefeulje | 16,82% | 3,82% | 13,49% aanvang Mei 1996 |
| Gematigde Portefeulje | 10,79% | 8,25% | 8,41% aanvang Julie 2011 |
| Geldmark Portefeulje | 4,64% | 7,99% | 7,84% aanvang September 2007 |
| Shari’ah-Portefeulje | 15,51% | 2,75% | 5,61% aanvang September 2016 |
| Infonds-Pensioen Portefeulje | 14,53% | 3,05% | 8,17% aanvang Maart 2011 |
| Kinder-voordeelfonds Portefeulje | 9,86% | - | 9,86% aanvang November 2020 |

Die Kindervoordeelfonds is spesifiek geskep om vir die minderjarige kinders van ons oorlede lede te sorg deur te verseker dat daar geld is vir hulle om matriek en moontlik universiteit klaar te maak, afhangend van die beskikbaarheid van fondse.

**Met wonderlike opbrengste soos hierdie, is jy nie bly jy het die CRF gekies om jou te help om jou toekoms te bestuur nie?**

Onthou, as jy hulp nodig het om te verseker dat jou beleggingstrategie die beste by jou finansiële behoeftes pas, kontak ons kliëntediensspan op 0861 273 863. Hulle sal jou na die Fonds se aangewese finansiële adviseurs, **Portfolium**, verwys vir hulp.

**VERSEKERDE VOORDELE BY SANLAM – Sanlam Reality Access-lojaliteitsprogram**

Ons het in die April 2021-ledenuusbrief genoem dat die Raad van Trustees besluit het om sy groeplewensversekering vanaf 1 Julie 2021 na Sanlam Korporatief (Sanlam) te skuif. Die Fonds het onveranderde tariewe met Sanlam beding en onderhandel, wat verseker dat CRF-lede steeds die superieur voordele teen die beste koste geniet. In Junie het die Fonds 'n spesiale Junie-nuusflits uitgestuur om lede in kennis te stel dat Momentum Multiply en die Family Assistance-voordeel nie meer ná 30 Junie 2021 beskikbaar sou wees nie. Lees asseblief verder vir 'n uiteensetting van die voordele wat Sanlam bied en wat nou tot alle bydraende CRF-lede se beskikking is:

| **Voordeletabel vir Reality Access vir Sanlam Groeprisiko (SGR)** | |
|---|---|
| Begrafnisrepatriasie en begrafnisondersteuning | • Hulplyn beskikbaar 24/7<br>• Reël van vervoer van die oorlede familielid se liggaam terug huis toe, na die finale begrafnisondernemer naaste aan die begraafplaas in Suid-Afrika (RSA) as die dood ver van die huis af plaasgevind het:<br>• Per pad of per lug<br>• Vanaf enige plek in Suid-Afrika (RSA), Botswana, Lesotho, Mosambiek, Namibië, Eswatini (voorheen Swaziland) of Zimbabwe (suid van 22°-lengtegraad) na die begrafnisondernemer naaste aan die begraafplaas in Suid-Afrika<br>• Hulp met begrafnisreëlings |
| Regshulp | • Regsadvieshulplyn beman deur gekwalifiseerde inhuisprokureurs, 24/7<br>• Hulp met gestandaardiseerde regsdokumente en direkte regskonsultasie<br>• Verwysings vir aangesig-tot-aangesigregshulp, met die eerste 30 minute gratis, asook een gratis aanmaning en een gratis telefoonoproep wat namens die lid gemaak word |
| Nood- mediese reaksie | • Noodhulplyn beskikbaar 24/7 vir die lid, hulle gade en kinders terwyl hulle vir nooddienste wag<br>• Nood- mediese bystand en vervoer per pad of lug in die geval van lewensbedreigende situasies<br>• Veilige verwydering van kinders van die ongelukstoneel en vervoer van lewensreddende medikasie |
| Trauma, Aanranding en MIV ondersteuning | • Noodhulplyn 24/7 beskikbaar aan die lid, hulle gade en kinders vir trauma, aanranding en blootstelling aan MIV<br>• Mediese behandeling vir liggaamlike besering wat deur aanranding veroorsaak word<br>• Trauma-ondersteuning en MIV-behandeling onmiddellik ná toevallige of gewelddadige blootstelling aan MIV. Hierdie toegang is 24/7 beskikbaar<br>• Telefoniese bystand vir algemene, nienood- mediese konsultasie en advies |

| | |
|---|---|
| Wealth Sense: aanlyn toerusting, rekenaars en inhoudwelstand | • Aanlyn rekenaars en toerusting<br>• Inligting oor finansies, veiligheid en gesondheid<br>• 24/7-noodhulplyn beskikbaar vir die lid, hulle gade en kinders terwyl hulle vir nooddienste wag |
| Afslagkoepons | • Afslagkoepons vir kruideniersware wat landswyd vir 'n verskeidenheid verbruikersgoedere gebruik kan word<br>• Maandelikse koopafslagkodes per SMS, wat by Shoprite en Checkers gebruik kan word |
| Ivy Online-onderwysplatform | • Toegang tot 'n gratis aanlyn aanvullende onderwysplatform vir graad 8–12 wat op die KABV-kurrikulum gebaseer is. Toegang tot gratis e-boeke, video's, podsendings en vraelyste<br>• Registreer vir vervangingsonderrig teen afslagtariewe by Ivy Academy. Gekwalifiseerde onderwysers sal lede help om vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Cambridge-kwalifikasie te studeer<br>• Materiaal en inhoud is optimaal ontwerp vir lae bandwydte en datagebruik om steun aan tot ses leerders per gesin te verskaf |

Jy het ook die opsie om jou Reality Access-voordele op te gradeer deur die volgende leefstylvoordele vanaf R49 per maand by te voeg (afhangend van die pakket wat jy kies). Om jou lidmaatskap op te gradeer, skakel 0860 732 548/9 of stuur 'n e-pos aan info@sanlamreality.co.za om meer uit te vind oor:

- Nu Metro-kaartjies vir net R30
- Tot 5 maande gratis stroming op Showmax
- Bespaar tot 60% van jou maandelikse gelde by JustGym
- Hulp met belastingopgawes, waar jy tot byna R600 kan bespaar

Jy kan vanaf 1 Julie 2021 tot jou voordele toegang kry deur een van hierdie maklike stappe te volg:

1. Besoek www.sanlamreality.co.za en teken aan met jou ID-nommer, of
2. Skakel 0860 732 548/9 en volg die instruksie vir "Reality Access for SGR"

Lede kan aan Sanlam hulle persoonlike inligting (kontakbesonderhede) verskaf deur 'n e-pos te stuur aan info@sanlamreality.co.za, om toegang tot eksklusiewe aanbiedinge en die jongste nuus te kry.

1. **Moet jy enige van die fondsvoordele of beleggingskeuses wat jy gemaak het, hersien?**

As jy hulp nodig het om enige van die Fondsvoordele aan jou te laat verduidelik, skakel asseblief 0861 273 863 en vra een van ons vriendelike en hulpvaardige assistente in die Ledesentrum om jou met enige navrae te help. Dit kan insluit:

- Wat is jou Fondswaarde?
- Wat is jou sekerheidswaarde vir die huislening wat die Aftreefonds voor sal borg staan?
- Wat moet jy doen as jy bedank?
- Wat is die beste annuïteitopsies by aftrede?
- Het jy die regte beleggingsportefeulje gekies?
- Wat is die Fonds se beleggingstrategie en waar pas jy in?
- Het jy die regte risikodekkingskategorie gekies?

| Scenario | Dit is hoe ons kan help | Wat gebeur nou? |
|---|---|---|
| Wat is die Fonds se beleggingstrategie? Watter | Die Kliëntedienskonsultant sal die beleggingsopsies | Is daar geen terugdraaikans as ek my beleggingskeuse gemaak het |

| | | |
|---|---|---|
| beleggingsportefeuljes is tot jou beskikking? | verduidelik wat tot jou beskikking is, en ook wat sal gebeur as jy nie 'n keuse maak nie. Hulle sal jou ook na Portfolium verwys vir die beste advies en om die regte besluit,vir jou, te kan neem. | nie? Beslis nie. Jy kan jou beleggingsopsie twee keer in 'n finansiële jaar (1 Julie tot 30 Junie) verander. Daar is geen koste by betrokke nie. En as jy nie enige keuses gemaak het nie, sal jy outomaties deel word van die Fonds se Lewenstadiumbeleggingstrategie en jou geld sal na ouderdom-toepaslike portefeuljes verskuif word om jou beleggings te beskerm namate jy ouer raak. |
| Ek het my risikovoordeelkategorie gekies toe ek jare gelede by die Fonds aangesluit het. Is dit steeds die beste opsie vir my? | Die Kliëntedienskonsultant sal die risikovoordeleopsies verduidelik wat in die Fonds beskikbaar is. Daar sal aan jou verduidelik word hoe jou keuse jou spaargeld vir aftrede en doods- en ongeskiktheidsdekking raak as jy dit nodig het. As jy nie seker is watter opsie om te kies nie, sal hulle jou na Portfolium verwys, wat jou persoonlike en finansiële omstandighede kan nagaan en jou help om die regte keuse te maak wat die beste by jou behoeftes pas. | Jy kan jou risiko-opsie elke jaar hersien en dit jaarliks voor 30 April verander, of jy sal toegelaat word om jou risikokategorie in die geval van die volgende lewensgebeurtenisse te verander:<br>• Huwelik<br>• Egskeiding<br>• Geboorte of afsterwe van 'n kind<br>• Dood van gade<br>• Wanneer jy die ouderdom van 40, 50 of 60 jaar bereik<br>• Wanneer jou dienskontrak verander |
| Ek wil aftree. Wat is my opsies? | 'n Aftreevoordeelberader sal die Fonds se annuïteitopsies aan jou verduidelik. Dit sluit in: Die Fonds se Infonds Pensioen-, die Infonds-Lewendeannuïteit en 'n Buitefonds-Lewendeannuïteit-opsie. | Dit is 'n baie belangrike keuse en dit is noodsaaklik om genoeg geld te hê om gedurende aftrede te kan oorleef. Talle lede kies egter steeds om hulle geld as 'n kontantenkelbedrag te neem. Gesels asseblief eers met jou adviseur van Portfolium, wat jou deur al die beskikbare opsies sal neem. |
| Ek wil my voordeel uitstel. | Dit kan 'n slim opsie wees as jy voor die ouderdom van 55 aftree om negatiewe belastingboetes te beperk. | Daar is geen beperking op wanneer jy jou uitgestelde Fondsvoordeel kan onttrek nie. Wanneer jy gereed is om jou voordeel te onttrek, kontak ons asseblief om te bevestig wat ons van jou nodig het. |
| Ek tree af en wil al my geld neem. | Wees asseblief versigtig en gesels met 'n adviseur by Portfolium om seker te maak dat jy die volle implikasies van jou besluit verstaan – nou en | As jy voor die ouderdom van 55 aftree, sal jou voordeel as 'n bedanking belas word. As jy nie jou geld belê nie, is daar 'n goeie kans dat jy vroeg in jou aftrede sonder geld gaan sit. |

| | | |
|---|---|---|
| | wat dit in die toekoms kan beteken. | |

Ons bied werkswinkels by jou werksplek of virtueel aan – vra jou Menslike Hulpbron kantoor asseblief om ons te bel en 'n sessie te bespreek.

**Jy kan ook by die CRF 'n opbetaalde lid word!**

Het jy geweet dat as jy die diens verlaat en jonger as 50 is, jy nie jou Fondsvoordeel hoef te onttrek nie? Deur 'n opbetaalde lid te word, kan jy jou bedankings- of afleggingsvoordeel by die CRF bewaar.
Deur jou geld in die Fonds belê te hou, sal jy steeds opbrengste verdien, sodat jou swaarverdiende spaargeld voortgaan om te groei totdat jy gereed is om af te tree.
Vir meer inligting oor hoe om 'n opbetaalde lid te word, of oor enige van die uitstekende aftree-opsies wat beskikbaar is by die CRF, kontak ons Ledesentrum op 0861 CRFUND (273863) om met een van die Fonds se aftreevoordeelraadgewers te gesels.

**JAARLIKSE LEDESESSIES – INDIEN COVID DIT TOELAAT**
Ons beplan die volgende **Finansiële Ledesessies** vir Oktober/November hierdie jaar. Die sessies sal 'n kombinasie wees van aangesig-tot-aangesigwerkswinkels in die hoofsentrums, maar jy sal ook ons virtuele werkswinkels kan bywoon. Wees asseblief op die uitkyk vir meer besonderhede oor hoe, wanneer en waar hierdie werkswinkels sal plaasvind.

**Tel.:** 0861 CRFUND (0861 273 863)
**WhatsApp:** 021 915 3500
**E-pos:** support@crfund.co.za
**Fisiese adres:** CRF-gebou, 3de vloer, Bridalslot 4, Tyger Falls, Bellville 7530
**Posadres:** Posbus 4740, Tygervallei, 7536

**RAAD VAN TRUSTEES:** Mnr. SA Mokweni (voorsitter), Mnr. JJ Wagner (Ondervoorsitter), Mnr. PJS Gouws, Mnr. IR Iversen, Mnr. TA Loko, Mnr. PJF Louw, Mnr. L Mbandazayo, Me. C Meyer, Mnr. AM Owen, Mnr. ET Scott, Mnr. SN Toni, Mnr. FA Willemse.
**HOOF UITVOERENDE BEAMPTE:** Mnr. RC Wentworth

**Vrywaring:** Die CRF aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies, skade of onkoste wat as 'n direkte gevolg of uitvloeisel van vertroue op die inligting in hierdie dokument gely of aangegaan word nie. Indien enige geskil ontstaan, sal die werklike reëls van die Fonds voorrang geniet.

**Consolidated Retirement Fund for Local Government Reg. No.: 12/8/32689/2**